Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Edenvale, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 778 van 29 Junie 1977, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 —

(a) na die woordomskrywing van "ingenieur" die volgende in te voeg:

"meterlesingsperiode" die periode tussen een lesing

Edenvale Town-planning Scheme, 1980."

(b) after the definition of "main" of the following:

"'meter reading period' means the period between one reading of a meter and the next succeeding reading thereof, the period not to exceed 35 days."

2. By amending Part 1 of the Tariff of Charges under the Schedule —

(a) by the substitution in item 1 for the figure "R2" of the figure "R2,50".

(b) by the substitution for subitem (1)(a) and (b) of item 2 of the following:

"1(a) Where any area of land as referred to in item 1 is connected to the main, the owner or occupier thereof shall, in addition to the charge in terms of item 1, pay the Council the following charges:

(i) *Dwelling-houses:*

(aa) For each kl or part thereof supplied up to 35 kl: 45c.

(bb) For each kl or part thereof supplied from 36 up to 75 kl: 45c plus a surcharge that increases by 2½ % per kl over 35 kl consumed, calculated on the total consumption.

(cc) For each kl or part thereof from 76 kl: 90c.

(ii) *All other consumers:*

60c per kl or part thereof.

(iii) *Filling of swimming pools:*

In the event of the Chief Fire Officer filling a swimming pool, a charge, in addition to any other charge that is payable: 60c per kl or part thereof.

(b) Where the water supply to flats is metered in bulk, the charges for such bulk supply shall be calculated on the basis of the number of flats plus one and shall be payable as follows:

The basic charge mentioned in item 1, per flat plus, for each kl or part thereof supplied: 60c.

(c) Notwithstanding any provision contained in these by-laws a charge of 45c per kl or part thereof shall be payable in respect of dwelling-houses where it is proved to the satisfaction of the Town Treasurer that a consumption of more than 35 kl is due to a burst pipe or a similar problem."

The provisions in this notice contained, shall come into operation on 1 July 1984.

PB 2-4-2-104-13

Administrator's Notice 1019

27 June 1984

EDENVALE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO LIBRARY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Library and any person duly authorised by the Town Secretary to act By-laws of the Edenvale Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 870,

van 'n meter en die volgende daaropvolgende lesing daarvan wat nie 35 dae te bove gaan nie."

(b) na die woordomskrywing van "verbruikerswaterstel" die volgende in te voeg:

"'woonhuis' 'n woonhuis soos omskryf in die Edenvaledorpsbeplanningskema, 1980."

2. Deur Deel 1 van die Tarief van Gelde onder die Bylae te wysig —

(a) deur in item 1 die syfer "R2" deur die syfer "R2,50" te vervang.

(b) deur subitem (1)(a) en (b) van item 2 deur die volgende te vervang:

"1(a) Waar enige stuk grond waarna in item 1 verwys word by die hoofwaterpyp aangesluit is, moet die eienaar of bewoner daarvan, benewens die heffing ingevolge item 1, aan die Raad die volgende heffings betaal:

(i) *Woonhuise:*

(aa) Vir elke kl of gedeelte daarvan gelewer tot en met 35 kl: 45c.

(bb) Vir elke kl of gedeelte daarvan gelewer vanaf 36 tot en met 75 kl: 45c plus 'n toeslag wat toeneem met 2½ % per kl bo 35 kl verbruik, bereken op die totale verbruik.

(cc) Vir elke kl of gedeelte daarvan gelewer vanaf 76 kl: 90c.

(ii) *Alle ander verbruikers:*

60c per kl of gedeelte daarvan.

(iii) *Vulling van swembaddens:*

In die geval waar die Brandweerhoof 'n swembad opvul, 'n heffing, benewens enige ander heffing wat betaalbaar is: 60c per kl of gedeelte daarvan.

(b) Waar die watertoever aan woonstelle by die grootmaat gemeeet word, word die geld vir sodanige grootmaatlivering op die grondslag van die aantal woonstelle plus een bereken en is soos volg betaalbaar:

Die basiese heffing vermeld in item 1, per woonstel, plus, vir elke kl of gedeelte daarvan, voorsien: 60c.

(c) Nieteenstaande enige bepaling vervat in hierdie verordeninge, is 'n heffing van 45c per kl of gedeelte daarvan betaalbaar ten opsigte van woonhuise, waar dit tot die bevrediging van die Stadstesourier bewys is dat 'n verbruik van meer as 35 kl die gevolg is van 'n gebarste pyp of 'n soortgelyke probleem.

Die bepaling in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Julie 1984 in werking.

PB 2-4-2-104-13

Administrateurskennisgewing 1019

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT EDENVALE: WYSIGING VAN BIBLIOTEEKVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit Edenvale, deur die Raad aangeneem by Administrat-

dated 9 November 1966, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 1 for the definition of "librarian" of the following:

"librarian" means the person appointed by the council for the exercise of control over and the management of the library and any person duly authorised by the Town Secretary to act on behalf of the librarian in the absence of the librarian.

2. By the substitution for section 6 of the following:

"Overdue Books"

6. Should a member not return a book borrowed against his certificate of membership within the period stated in section 5 or any period determined by the council in terms of the proviso to that section, as the case may be, such member shall be liable for payment to the council of a fine as determined by the council."

3. By the substitution for section 8 of the following:

"Reservation of Books"

8(1) A member shall not reserve, at any one time and on completion of a reservation card, more than 2 books made available for loan purposes.

(2) An amount as determined by the council shall be levied for the reservation of a book other than non-fiction literature: Provided that no reserved book shall be kept for longer than one week after the date of the notice to the member that such book is available."

4. By amending Schedule 2—

(a) by the substitution for subitem (2) of item 2 of the following:

"(2) A member may borrow two records or in the case of sets two sets at a time for use at home."

(b) by the substitution for subitem (5) of item 2 of the following:

"(5) Should a member fail to return a record, within the period for which the record has been lent to him, such member shall be liable for payment to the council of a fine as determined by the council."

(c) by the substitution in item 2(6)(c) for the words "library assistant" of the word "librarian".

5. By amending Schedule 3—

(a) by the substitution for subitem (5) of item 2 of the following:

"(5) Should a member fail to return an art print within the period for which the print has been lent to him, such member shall be liable for payment to the council of a fine as determined by the council."

(b) by the substitution in item 2(6) for the words "library assistant" of the word "librarian".

6. By the addition after Schedule 3 of the following:

"SCHEDULE 4"

RULES AND REGULATIONS GOVERNING THE LOAN OF PERIODICALS

1. Application for Membership

(1) Members of the public may apply for the loan of

teurskennisgewing 870 van 9 November 1966, soos gewysig, word hier verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 die woordomskrywing van "bibliotekaris" deur die volgende te vervang:

"bibliotekaris" die persoon deur die raad aangestel vir die uitvoering van beheer oor en die bestuur van die biblioteek en enige wat behoorlik deur die Stadsekretaris gemagtig is om namens die bibliotekaris op te tree in die afwesigheid van die bibliotekaris."

2. Deur artikel 6 deur die volgende te vervang:

"Agterstallige Boeke"

6. Indien 'n lid nie 'n boek wat teen sy bewys van lidmaatskap geleen is, terugbesorg binne die tydperk vermeld in artikel 5 of enige tydperk ingevolge die voorbehoudsbeplasing by daardie artikel deur die raad bepaal, na gelang van die geval, is so 'n lid aanspreeklik vir die betaling van 'n boete aan die raad soos deur die raad bepaal."

3. Deur artikel 8 deur die volgende te vervang:

"Bespreking van Boeke"

8(1) Hoogstens twee boeke wat vir uitleendoeleindes beskikbaar gestel is, mag by enige geleenthed deur 'n lener by voltooiing van 'n besprekingskaartjie bespreek word.

(2) 'n Bedrag soos deur die raad bepaal per boek, uitgesonderd vakliteratuur sal vir die bespreking daarvan gehef word: Met dien verstande dat geen bespreekte boek vir langer as een week na die datum van die kennisgewing aan die lener dat sodanige boek beskikbaar is, gehou sal word nie."

4. Deur Bylae 2 te wysig—

(a) deur subitem (2) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(2) 'n Lid kan twee plate, of in die geval van stelle, twee stelle per keer vir tuisgebruikleen."

(b) deur subitem (5) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(5) Indien 'n lid versuim om 'n plaat binne die tydperk waarvoor dit aan hom geleen is, terug te besorg, is so 'n lid aanspreeklik vir die betaling van 'n boete aan die raad soos deur die raad bepaal."

(c) deur in item 2(6)(c) die woord "biblioekassistent" deur die woord "bibliotekaris" te vervang.

5. Deur Bylae 3 te wysig—

(a) deur subitem (5) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(5) Indien 'n lid versuim om 'n kunsafdruk terug te besorg binne die tydperk waarvoor dit aan hom geleen is, is hy aanspreeklik vir die betaling van 'n boete aan die raad soos deur die raad bepaal."

(b) deur in item 2(6) die woord "biblioekassistent" deur die woord "bibliotekaris" te vervang.

6. Deur na Bylae 3 die volgende in te voeg:

"BYLAE 4"

REËLS EN REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE UITLEEN VAN TYDSKRIFTE

1. Aansoek om Lidmaatskap

(1) Lede van die publiek kan deur die voltooiing van die

periodicals by completing the prescribed membership form. In the case of dependant children, the application form shall be signed by the parents or guardian.

(2) One additional borrower's pocket shall be provided to every approved member, with the clear indication 'Tydskrifte/Periodicals' on the pocket.

2. Rules and Conditions

(1) Periodicals shall be provided free of charge to approved members.

(2) A member may borrow one periodical at a time.

(3) The loan period for periodicals shall be seven days.

(4) When the loan period mentioned in subitem (3) expires, such periodical may be lent to such member for an additional period of one week, provided that no one else has requested the periodical.

(5) Should a member fail to return a periodical within the period for which the periodical has been lent to him, such member shall be liable for payment to the council of a fine as determined by the council.

(6) Every member is expected to report immediately to the librarian any damage done to a periodical. A member shall be held responsible for any damage to a periodical detected when it is returned by him. In the case of loss or serious damage, the member shall be liable to pay for the periodical in accordance with the price of the periodical. The periodical shall remain the property of the council.

(7) The council is not bound to reserve any periodical for anybody.

(8) Subject to the provisions of subitem (5), any person who contravenes any provision of this Schedule, shall be guilty of an offence."

This amendment commences with effect from the first day of the month following the date on which this notice appears in the Provincial Gazette.

PB 2-4-2-55-13

Administrator's Notice 1020

27 June 1984

ERMELO MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Ermelo Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1184, dated 22 September 1976, as amended, are hereby further amended by the insertion after section 11(4) of the following:

"(5)(a) The council may, without paying compensation, discontinue a consumer's electricity supply if he fails to comply with the Ermelo Municipality's Water Supply By-laws, published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November 1952: Provided that not less than 7 days notice shall be given to any consumer prior to the cutting off of the supply.

(b) The council shall not be liable for damages to any consumer where it cuts off the electricity supply in the bona fide belief that anyone of the provisions of the water supply by-laws have been contravened.

voorgeskrwe lidmaatskapvorm aansoek doen om die leen van tydskrifte. In die geval van afhanklike kinders moet die aansoekvorm deur die ouers of voog onderteken word.

(2) Een bykomende lenersakkie word aan elke goedgekeurde lid verskaf met die duidelike aanduiding 'Tydskrifte/Periodicals' daarop aangebring.

2. Reëls en Voorwaardes

(1) Tydskrifte word gratis aan goedgekeurde lede beskikbaar gestel.

(2) 'n Lid mag een tydskrif per keer leen.

(3) Die leentydperk vir tydskrifte is sewe dae.

(4) By verstryking van die leentydperk in subitem (3) genoem, kan sodanige tydskrif vir 'n verdere tydperk van een week aan sodanige lid geleent word, mits niemand anders daarvoor gevra het nie.

(5) Indien 'n lid versuim om 'n tydskrif terug te besorg binne die tydperk waarvoor dit aan hom geleent is, so 'n lid aanspreeklik gehou sal word vir die betaling van 'n boete aan die raad soos deur die raad bepaal.

(6) Van elke lid word verwag om enige beskadiging aan 'n tydskrif onmiddellik aan die bibliotekaris te rapporteer. 'n Lid word verantwoordelik gehou vir enige beskadiging van 'n tydskrif wat ontdek word wanneer die lid die tydskrif terugbesorg. In geval van verlies of ernstige beskadiging bly die lid aanspreeklik vir die vergoeding van die tydskrif ooreenkomsdig die prys van die tydskrif. Die tydskrif bly die eiendom van die raad.

(7) Die raad verbind hom nie om enige tydskrif te reserver nie.

(8) Behoudens die bepalings van subitem (5), is iemand wat enige bepaling van hierdie Bylae oortree, skuldig aan 'n misdryf."

Hierdie wysiging tree in werking vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinciale Koerant.

PB 2-4-2-55-13

Administrateurskennisgewing 1020

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT ERMELO: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hiermee ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Ermelo, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1184 van 22 September 1976, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na artikel 11(4) die volgende in te voeg:

"(5)(a) Die raad kan sonder om skadevergoeding te betaal ophou om elektrisiteit aan die verbruiker te lever indien hy enigeen van die bepalings van die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Ermelo, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, oortree het: Met dien verstande dat die verbruiker minstens 7 dae vooraf in kennis gestel moet word dat sy toevoer gestaak sal word.

(b) Die raad is nie aanspreeklik vir skadevergoeding aan 'n verbruiker, indien hy die elektrisiteitstoever staak in die bona fide-oortuiging dat enigeen van die bepalings van die watervoorsieningsverordeninge oortree is nie.

(c) The consumer shall pay to the council the fee as prescribed in the tariff for the cutting off of the electricity supply in terms of this section.

(d) In the event of the council at any time resuming the supply of electricity to such consumer, the consumer shall pay to the council such charges as are prescribed in the tariff unless he establishes that the council was not entitled in terms of paragraph (a) hereof to cut off such supply."

PB 2-4-2-36-14

Administrator's Notice 1021

27 June 1984

EVANDER MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE REGULATION OF BURSARY LOANS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Regulation of Bursary Loans of the Evander Municipality, published under Administrator's Notice 812, dated 23 May 1973, as amended, are hereby further amended by amending section 16 as follows:

1. By renumbering section 16(a) to read 16(1).
2. By the substitution in subsection (1) for the words "at any recognised institute" of the following:

"at a University, Technicon, Technical College or any recognised Institute."

3. By the substitution in subsection (2) for the figure "R300" of the figure "R1 000".

PB 2-4-2-121-154

Administrator's Notice 1022

27 June 1984

GERMISTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO THE SUPPLY OF INFORMATION

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to the Supply of Information of the Germiston Municipality, published under Administrator's Notice 844, dated 6 July 1977, as amended, are hereby further amended by the addition after item 11 of the Schedule of the following:

"12. Every copy of an accident report made by a member of the Council's Traffic Division: R7.

13. Furnishing of information relating to the name and address of any person involved in an accident or of witnesses, and the name, address and token number of the Third Party Insurance Company concerned, each: R2."

PB 2-4-2-40-1

(c) Die verbruiker moet die bedrag wat in die tarief voorgeskryf word ten opsigte van die staking van die elektrisiteitstoevereer ingevolge hierdie artikel, aan die raad betaal.

(d) Ingeval die raad te eniger tyd die tovoer van elektrisiteit aan so 'n verbruiker hervat, moet die verbruiker die bedrae wat in die tarief voorgeskryf word, aan die raad betaal, tensy hy bewys dat die raad nie geregtig was om ingevolge die bepalings van paragraaf (a) hiervan, dié tovoer te staak nie."

PB 2-4-2-36-14

Administrateurskennisgewing 1021

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT EVANDER: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE REGULERING VAN BEURSLENINGS

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Regulering van Beurslenings van die Munisipaliteit Evander, aangekondig by Administrateurskennisgewing 812 van 23 Mei 1973, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 16 soos volg te wysig:

1. Deur artikel 16(a) van die Engelse teks te hernommer 16(1).
2. Deur in subartikel (1) die woorde "by enige erkende instituut" deur die volgende woorde te vervang:
"by 'n Universiteit, Technikon, Tegniese Kollege of enige erkende Instituut."
3. Deur in subartikel (2) die syfer "R300" deur die syfer "R1 000" te vervang.

PB 2-4-2-121-154

Administrateurskennisgewing 1022

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT GERMISTON: WYSIGING VAN VERORDENINGE INSAKE DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Insake die Verskaffing van Inligting van die Munisipaliteit Germiston, aangekondig by Administrateurskennisgewing 844 van 6 Julie 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 11 van die Bylae die volgende by te voeg:

"12. Elke afskrif van 'n ongeluksverslag wat deur 'n lid van die Raad se Verkeersafdeling opgestel is: R7.

13. Verstrekking van inligting betreffende die naam en adres van enige persoon in 'n ongeluk betrokke, of van getuies, en die naam, adres en kenteken nommer van die betrokke Derdeparty Versekeringsmaatskappy, elk: R2."

PB 2-4-2-40-1

Administrator's Notice 1023

27 June 1984

JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITATION (GENERAL) BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitation (General) By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 195, dated 10 March 1965, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for Part B of the Schedule of the following:

"PART B***Charges***

1. Commencement of night soil removal services other than the service referred to in items 6 and 7 to any premises: Commencement charge, per pail: R24

2. Tri-weekly night soil removal service to premises situated outside the reticulated area per pail per calendar half-year: R35

3. Nightly night soil removal service to premises situated outside the reticulated sewerage area, per pail per calendar half-year: R70

4. Tri-weekly night soil removal service to premises situated within the reticulated sewerage area per pail, per calendar half-year: R88

5. For the removal of sewerage from vacuum tank, per kl or part thereof: R3

6. Casual Night Soil Pails Service

Minimum charge per removal: R4

Additional charge per removal per pail in excess of three pails: R1

7. Builder's Service

Tri-weekly night soil removal service to any bona fide builder during building operations per pail per month or part thereof: R15

8. Mobile Conveniences

For each mobile convenience for every 24 hours or part thereof reckoned from 09h00 on the day first provided: R20."

2. The provisions contained in this notice shall come into operation from 1 July 1984.

PB 2-4-2-81-2A

Administrator's Notice 1024

27 June 1984

CORRECTION NOTICE**KRUGERSDORP MUNICIPALITY: GAME RESERVE BY-LAWS**

Administrator's Notice 715 dated 9 May 1984 is hereby corrected by the substitution in paragraph 1(m) for the expression "2(b)" of the expression "(2)(b)".

PB 2-4-2-45-18

Administrateurskennisgewing 1023

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING VAN SANITASIEVERORDENINGE (ALGEMEEN)

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaastlike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitasieverordeninge (Algemeen) van die Munisipaliteit Johannesburg, aangekondig by Administrateurskennisgewing 195 van 10 Maart 1965, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur Deel B van die Bylae deur die volgende te vervang:

"DEEL B***Gelde***

1. Wanneer daar begin word om 'n nagvulverwyderringsdiens, behalwe die diens wat in items 6 en 7 genoem word, aan 'n perseel te lewer: Aanvangsvordering, per emmer: R24

2. Nagvuilemmersdiens drie keer per week ten opsigte van persele wat buite die rioolnetgebied geleë is, per emmer, vir 'n halwe kalenderjaar: R35

3. Nagvuldiens elke nag ten opsigte van persele wat buite die rioolnetgebied geleë is, per emmer, vir 'n halwe kalenderjaar: R70

4. Nagvuldiens drie keer per week ten opsigte van persele wat binne die rioolnetgebied geleë is, per emmer, vir 'n halwe kalenderjaar: R88

5. Die verwydering van rioolslyk vanuit 'n suigtenk, per kl of gedeelte daarvan: R3

6. Toevallige Nagvuilemmersdiens

Minimum geld per verwydering: R4

Bykomende geld per verwydering van meer as drie emmers, per emmer: R1

7. Bouersdiens

Nagvuilemmersdiens drie keer per week aan enige bona fide-bouer tydens bouwerssaamhede, per emmer per maand of gedeelte daarvan: R15

8. Mobiele Openbare Sleepwa-toiletteenhede

Vir elke mobiele openbare sleepwa toiletteenheid, vir elke 24 uur of 'n gedeelte daarvan, bereken vanaf 09h00 op die dag waarop dit verskaf is: R20."

2. Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Julie 1984 in werking.

PB 2-4-2-81-2A

Administrateurskennisgewing 1024

27 Junie 1984

KENNISGEWING VAN VERBETERING**MUNISIPALITEIT KRUGERSDORP: WILDTUIN-VERORDENINGE**

Administrateurskennisgewing 715 van 9 Mei 1984 word hierby verbeter deur in paragraaf 1(m) van die Engelse teks die uitdrukking "2(b)" deur die uitdrukking "(2)(b)" te vervang.

PB 2-4-2-45-18

Administrator's Notice 1025

27 June 1984

MESSINA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply Tariff of the Messina Municipality, published under Administrator's Notice 633, dated 5 October, 1949, as amended, is hereby further amended by the substitution for item 8 of Part A: Electricity Supply Tariff of the following:

"8. Surcharge

A surcharge of 117 % is levied on charges payable in terms of items 1, 2, 3, 4, 5A and 6 with effect from 1 July, 1984."

PB 2-4-2-36-96

Administrator's Notice 1026

27 June 1984

MESSINA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Messina Municipality, published under Administrator's Notice 1025, dated 18 June 1975, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in item 2(1) for the figure "R2,50" of the figure "R3,50".

2. By the substitution in item 3 for the figure "R3,80" of the figure "R4,80".

3. By the substitution in item 8 for the figure "R5" of the figure "R10".

PB 2-4-2-81-96

Administrator's Notice 1027

27 June 1984

CORRECTION NOTICE**NELSPRUIT MUNICIPALITY: BY-LAWS FOR THE PREVENTION OF OBSTRUCTIONS AND NUISANCES AND FOR THE MAINTENANCE OF CLEANLINESS, GOOD ORDER AND PUBLIC DECENCY IN STREETS AND PUBLIC PLACES AND FOR THE PREVENTION OF PUBLIC DISTURBANCES**

Administrator's Notice 674 dated 2 May 1984, is corrected by the substitution in paragraph 3 of the Afrikaans text for the figures "56" of the figures "36".

PB 2-4-2-88-22

Administrator's Notice 1028

27 June 1984

PIETERSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO CEMETERY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws

Administrateurskennisgewing 1025

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT MESSINA: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsvoorsieningstarief van die Municipiteit Messina, aangekondig by Administrateurskennisgewing 633 van 5 Oktober 1949, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 8 van Deel A: Elektrisiteitsvoorsieningstarief deur die volgende te vervang:

"8. Toeslag

'n Toeslag van 117 % word gehef op die geldte betaalbaar ingevolge items 1, 2, 3, 4, 5A en 6 met ingang van 1 Julie 1984."

PB 2-4-2-36-96

Administrateurskennisgewing 1026

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT MESSINA: WYSIGING VAN SANITÉRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitäre- en Vullisverwyderingstarief van die Municipiteit Messina, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1025 van 18 Junie 1975, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in item 2(1) die syfer "R2,50" deur die syfer "R3,50" te vervang.

Deur in item 3 die syfer "R3,80" deur die syfer "R4,80" te vervang.

3. Deur in item 8 die syfer "R5" deur die syfer "R10" te vervang.

PB 2-4-2-81-96

Administrateurskennisgewing 1027

27 Junie 1984

KENNISGEWING VAN VERBETERING**MUNISIPALITEIT NELSPRUIT: VERORDENINGE TER VOORKOMING VAN BELEMMERINGS EN HINDERNISSE EN HANDHAWING VAN SINDELIKHEID, GOEIE ORDE EN OPENBARE SEDELIKHEID IN STRATE EN PUBLIEKE PLEKKE EN TER VOORKOMING VAN OPENBARE RUSVERSTORING**

Administrateurskennisgewing 674 van 2 Mei 1984, word hierby verbeter deur in paragraaf 3 die syfers "56" deur die syfers "36" te vervang.

PB 2-4-2-88-22

Administrateurskennisgewing 1028

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT PIETERSBURG: WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die

set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Cemetery By-laws of the Pietersburg Municipality, published under Administrator's Notice 1952, dated 30 October 1974, as amended, are hereby further amended by the substitution for paragraph (m) of section 53 of the following:

"(m) where memorial work has a base on ground level such base shall not be less than 900 mm wide by 300 mm by 300 mm."

PB 2-4-2-23-24

Administrator's Notice 1029

27 June 1984

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Potchefstroom Municipality, promulgated under Administrator's Notice 350, dated 3 June 1959, as amended, are hereby further amended by the substitution for subsection (d) of section 316 of the following:

"(d) Any portion of any yards intended to be used for storage of second-hand goods, is paved with cement, concrete or other similar impervious material: Provided that should the Council be satisfied that the nature and extent of the business is such that it is impractical to cover the whole area where second-hand goods are to be stored with impervious material, Council may relax this condition completely or in part".

PB 2-4-2-77-26

Administrator's Notice 1030

27 June 1984

RANDFONTEIN MUNICIPALITY AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Randfontein Municipality, published under Administrator's Notice 491, dated 1 July 1953, as amended, are hereby further amended by amending Part II of the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution for item 1 of the following:

"1. Consumers with an Installed Capacity up to and including 40 k.V.A.:

(1) Applicable to all dwelling-houses, boarding houses, registered charitable institutions, churches, clubs, health clinics, flats and buildings or detached buildings which is exclusively used for habitation:

Per k.Wh:

$$R \left[a + b \left(1 + \frac{6}{100} \right) + \frac{(c \times e)}{f} + \frac{(y \times z)}{\left(1 - \frac{6}{100} \right)} \right] \text{ rounded}$$

off to the next 1th of a cent.

100

verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Begraafplaasverordeninge van die Munisipaliteit Pietersburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1952 van 30 Oktober 1974, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur paragraaf (m) van artikel 53 deur die volgende te vervang:

"(m) Waar 'n gedenkteken 'n voetstuk op die grondvlak het, moet so 'n voetstuk minstens 900 mm wyd by 300 mm by 300 mm wees."

PB 2-4-2-23-24

Administrateurskennisgewing 1029

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Potchefstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing 350 van 3 Junie 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subartikel (d) van artikel 316 deur die volgende te vervang:

"(d) Enige gedeelte van enige agterplaas wat bedoel is om gebruik te word vir berging van tweedehandse goedere, geplavei is met cement, beton of ander soortgelyke ondeurdringbare materiaal: Met dien verstande dat indien die Raad daarvan oortuig is dat die aard en omvang van die bedryf sodanig is dat dit onprakties is om die totale oppervlakte waar tweedehandse goedere geberg word, met ondeurdringbare materiaal te bedek, vrystelling van hierdie bepaling in geheel of gedeeltelik verleen kan word."

PB 2-4-2-77-26

Administrateurskennisgewing 1030

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Randfontein, deur die raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1112 van 12 Julie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel II van die Tarief van Gelde onder die Bylae soos volg te wysig:

1. Deur item 1 deur die volgende te vervang:

"1. Verbruikers met 'n Geinstalleerde Kapasiteit tot en met 40 k.V.A.:

(1) Van toepassing op alle woonhuise, losieshuise, geregistreerde liefdadigheidsinrigtings, kerke, klubs, gesondheidsklinieke, woonstelle en geboue of losstaande gedeeltes van geboue wat uitsluitlik vir die doel van bewoning gebruik word: Per kW.h:

$$R \left[a + b \left(1 + \frac{6}{100} \right) + \frac{(c \times e)}{f} + \frac{(y \times z)}{\left(1 - \frac{6}{100} \right)} \right]$$

afgerond tot die volgende 1ste van 'n sent.

100

(2) Applicable to all consumers not classified under any item of this tariff: Per kW.h:

$$R \left[\frac{a + b \left(\frac{1+6}{100} \right) + \left(\frac{c \times e}{f} \right) + \left(\frac{y \times z}{100} \right)}{\left(\frac{1-6}{100} \right)} \right] \times 1-40$$

rounded off to the next $\frac{1}{100}$ th of a cent.”.

2. By the substitution in the “Explanation of formulae” under item 2 for the figures “R0,00983” and “R0,000893” of the figures “R0,01077” and “R0,00108” respectively.

The provisions in this notice contained, shall come into operation on 1 July 1984.

PB 2-4-2-36-29

Administrator's Notice 1031

27 June 1984

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN: AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage By-laws of the Randfontein Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 342, dated 28 March 1979, as amended, are hereby further amended by amending Schedule B of the Tariff of Charges as follows:

1. By amending Part III by—

(a) the substitution in item 1 for the figure “0,10” of the figure “0,16”;

(b) the substitution in items 2 and 3 for the figure “0,11” of the figure “0,17”; and

(c) the substitution in item 4(1) and (2) for the figures “2,88” and “0,11” of the figures “4,45” and “0,17”.

2. By amending paragraph (b) of item 1 of Part IV by—

(a) the substitution in the expression “Tariff in cent per $kW = 0,5 ({}^Acod + {}^BpH + {}^Cec)$ for the figure “0,5” of the figure “0,65”;

(b) the substitution in the expression “ ${}^Acod = (0,015511 \times cod + 0,011015 \times cod - 20,16)$ ” for the figures “0,015511”, “0,011015” and “20,16” of the figures “0,022368”, “0,011316” and “25,6” respectively;

(c) the substitution in the expression “ ${}^BpH = (20,16 - 1,965 \times pH - 1,395 \times pH)$ ” for the figures “20,16”, “1,965” and “1,395” of the figures “25,6”, “2,8333” and “1,4333” respectively;

(d) the substitution in the expression “ ${}^BpH = (1,179 \times pH + 0,837 \times pH - 20,16)$ ” for the figures “1,179”, “0,837” and “20,16” of the figures “1,7”, “0,86” and “25,6” respectively; and

(e) the substitution in the expression “ ${}^Cec = (0,02358 \times ec + 0,01674 \times ec - 20,16)$ ” for the figures “0,02358”, “0,01674” and “20,16” of the figures “0,034”, “0,0172” and “25,6” respectively.

The provisions in this notice contained shall come into operation on 1 July 1984.

PB 2-4-2-34-29

(2) Van toepassing op verbruikers wat nie onder enige ander item van hierdie tariewe ingedeel is nie: Per kW.h:

$$R \left[\frac{a + b \left(\frac{1+6}{100} \right) + \left(\frac{c \times e}{f} \right) + \left(\frac{y \times z}{100} \right)}{\left(\frac{1-6}{100} \right)} \right] \times 1-40$$

afgerond tot die volgende $\frac{1}{100}$ ste van 'n sent.”.

2. Deur in die “Verduideliking van formules” onder item 2 die syfers “R0,00983” en R0,000893 onderskeidelik deur die syfers “R0,01077” en “R0,00108” te vervang.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Julie 1984 in werking.

PB 2-4-2-36-29

Administratorskennisgewing 1031

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN: WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Rioleringsverordeninge van die Munisipaliteit Randfontein, deur die Raad aangeneem by Administratorskennisgewing 342 van 28 Maart 1979, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae B van die Tarief van Gelde soos volg te wysig:

1. Deur Deel III te wysig deur—

(a) in item 1 die syfer “0,10” deur die syfer “0,16” te vervang;

(b) in items 2 en 3 die syfer “0,11” deur die syfer “0,17” te vervang; en

(c) in item 4(1) en (2) die syfers “2,88” en “0,11” onderskeidelik deur die syfers “4,45” en “0,17” te vervang.

2. Deur paragraaf (b) van item 1 van Deel IV te wysig deur—

(a) in die uitdrukking “Tarief in sent per $kW = 0,5 ({}^ACSV + {}^BpH + {}^Ceg)$ ” die syfer “0,5” deur die syfer “0,65” te vervang;

(b) in die uitdrukking “ ${}^ACSV = (0,015511 \times CSV + 0,011015 \times CSV - 20,16)$ ” die syfers “0,015511”, “0,011015” en “20,16” onderskeidelik deur die syfers “0,022368”, “0,011316” en “25,6” te vervang;

(c) in die uitdrukking “ ${}^BpH = (20,16 - 1,965 \times pH - 1,395 \times pH)$ ” die syfers “20,16”, “1,965” en “1,395” onderskeidelik deur die syfers “25,6”, “2,8333” en “1,4333” te vervang;

(d) in die uitdrukking “ ${}^BpH = (1,179 \times pH + 0,837 \times pH - 20,16)$ ” die syfers “1,179”, “0,837” en “20,16” onderskeidelik deur die syfers “1,7”, “0,86” en “25,6” te vervang; en

(e) in die uitdrukking “ ${}^Ceg = (0,02358 \times eg + 0,01674 \times eh - 20,16)$ ” die syfers “0,02358”, “0,01674” en “20,16” onderskeidelik deur die syfers “0,034”, “0,0172” en “25,6” te vervang.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Julie 1984 in werking.

PB 2-4-2-34-29

Administrator's Notice 1032

27 June 1984

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Randfontein Municipality, published under Administrator's Notice 792, dated 30 June 1982, as amended, is hereby further amended as follows:

1. By the substitution in item 1(1)(a) and (b) for the figures "R4,91" and "R1,65" of the figures "R5,10" and "R1,70" respectively.
2. By the substitution in item 1(2)(a) and (b) and the provision for the figures "R5,96", "R16,31" and "R5,96" of the figures "R11,20", "R31,60" and "R11,20" respectively.
3. By the substitution in item 1(3)(a) and (b) for the figures "R9,38" and "36c" of the figures "R11,20" and "45c" respectively.
4. By the substitution in item 1(4)(a) and (b) for the figures "R5,96" and "R16,31" of the figures "R11,20" and "R31,60" respectively.
5. By the substitution in item 1(5) for the figures "R2,34" and "R23,42" of the figures "R5" and "R50" respectively.
6. By the substitution in item 1(8) for the figure "R32,80" of the figure "R36".
7. By the substitution in item 1(9)(a) and (b) for the figures "R1,59" and "R7,95" of the figures "R3" and "R15" respectively.

The provisions in this notice contained, shall come into operation on 1 July 1984.

PB 2-4-2-81-29

Administrator's Notice 1033

27 June 1984

ROODEPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING CHARGES

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing Charges of the Roodepoort Municipality, published under Schedules A to C inclusive of Administrator's Notice 509, dated 1 August 1962, as amended, are hereby further amended by amending Schedule B as follows:

1. By the substitution for item 2 of the Basic Charges in Respect of Sewers which are available under Part II of the following:

"2.(1) Where any piece of land, whether or not there are any improvements thereon, is, or in the opinion of the Council, can be, connected to any sewer under the control of the Council, the owner of such piece of land shall pay to the Council a monthly charge in advance as follows:

Land on which a private dwelling is erected: R3.

(b) Land on which a church and other buildings are erected and used exclusively for public worship: R3.

Administratorskennisgewing 1032

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN: WYSIGING VAN SANITÉRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitäre- en Vullisverwyderingstarief van die Municpaliteit Randfontein, aangekondig by Administratorskennisgewing 792 van 30 Junie 1982, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in item 1(1)(a) en (b) die syfers "R4,91" en "R1,65" onderskeidelik deur die syfers "R5,10" en "R1,70" te vervang.
2. Deur in item 1(2)(a) en (b) en die voorbehoudsbepaling van syfers "R5,96", "R16,31" en "R5,96" onderskeidelik deur die syfers "R11,20", "R31,60" en "R11,20" te vervang.
3. Deur in item 1(3)(a) en (b) die syfers "R9,38" en "36c" onderskeidelik deur die syfers "R11,20" en "45c" te vervang.
4. Deur in item 1(4)(a) en (b) die syfers "R5,96" en "R16,31" onderskeidelik deur die syfers "R11,20" en "R31,60" te vervang.
5. Deur in item 1(5) die syfers "R2,34" en "R23,42" onderskeidelik deur die syfers "R5" en "R50" te vervang.
6. Deur in item 1(8) die syfer "R32,80" deur die syfer "R36" te vervang.
7. Deur in item 1(9)(a) en (b) die syfers "R1,59" en "R7,95" onderskeidelik deur die syfers "R3" en "R15" te vervang.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervaat, tree op 1 Julie 1984 in werking.

PB 2-4-2-81-29

Administratorskennisgewing 1033

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSTARIEF

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die tarief van Riolerings- en Loodgietersgelde van die Municpaliteit Roodepoort, aangekondig onder Bylae A tot en met C van Administratorskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae B soos volg te wysig:

1. Deur item 2 van die Basiese Gelde ten Opsigte van Beskikbare Straatriole onder Deel II deur die volgende te vervang:

"2.(1) Indien 'n stuk grond, of daar verbeterings op is of nie, verbind is met 'n straatriool wat deur die Raad beheer word of, na die mening van die Raad, met so 'n straatriool verbind kan word, moet die eienaar van dié stuk grond elke maand vooruit aan die Raad 'n heffing betaal soos volg:

(a) Grond waarop 'n woonhuis staan: R3.

(b) Grond waarop 'n kerk en ander geboue staan wat uit-

(c) Land on which a hall is erected and used for purposes which are connected with worship and from which no income is derived: R3.

(d) Any other land, per unit: R3.

(2) For the purposes of subitem (1)(d) a unit shall be deemed to be the equivalent of 25 kl, being the quantity of sewage effluent discharged from an average private dwelling per month and the number of units per month in respect of a piece of land shall be calculated as follows:

(a) In the case of developed land, by dividing the average monthly water consumption in kl over a period of six months from July to December of the previous year, by 25.

(b) In the case of undeveloped land, by dividing the potential floor surface in m² to a maximum of 60 % of the total proclaimed ground area, by the following areas applicable to the respective types of land as set out hereunder:

	m ² per unit
Land for flats.....	120
Land for businesses.....	150
Land for industries	200
Land for garages	200
Land for schools.....	150
Land for other uses.....	200:

Provided that no undeveloped land shall be assessed for more than 6 units per month.”.

2. By the substitution for Part III of the following:

“PART III

DOMESTIC SEWAGE

The owner of any land or buildings having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewers, shall be liable to pay to the Council, in addition to charges imposed in other Parts of this Schedule, every month in respect of the land or buildings the following charges:

(a) Private dwellings, each: R9.

(b) Churches and other buildings used exclusively for public worship, each: R9.

(c) Halls used for purposes which are connected with worship and from which no income is derived, each: R9.

(d) Any other premises, per kl water consumed: 40c.”.

PB 2-4-2-34-30

Administrator's Notice 1034

27 June 1984

ROODEPOORT MUNICIPALITY: PUBLIC HEALTH BY-LAWS

CORRECTION NOTICE

Administrator's Notice 548, dated 4 April 1984, is hereby corrected by the substitution in paragraph 1 of the Afrikaans text for the expression “Deel IV” of the expression “Deel I”

PB 2-4-2-77-30

sluitend vir openbare godsdiensoefening gebruik word: R3.

(c) Grond waarop 'n saal staan wat vir doeinde gebruik word wat met godsdiens verband hou en waaruit geen inkomste verkry word nie: R3.

(d) Enige ander grond, per eenheid: R3.

(2) Vir die toepassing van subitem (1)(d), word 'n eenheid geag gelykstaande te wees met 23 kl, synde die hoeveelheid rioolvuil wat vanaf 'n gemiddelde woonhuis per maand afgevoer word en die aantal eenhede per maand ten opsigte van 'n stuk grond word soos volg bereken:

(a) In die geval van 'n ontwikkelde stuk grond, deur die gemiddelde maandelikse waterverbruik in kl oor 'n tydperk van ses maande vanaf Julie tot Desember van die voorliggende jaar deur 25 te verdeel.

(b) In die geval van 'n onontwikkelde stuk grond, deur die potensiële vloeroppervlakte in m² tot 'n maksimum van 60 % van die totale geproklameerde grondoppervlakte deur die volgende groottes, wat van toepassing is op die verskillende tipes grond, te verdeel, soos hieronder uitengesit:

	m ² per eenheid
Woonstelgrond.....	120
Besigheidsgrond	150
Industriële grond	200
Garagegrond	200
Skoolgrond.....	150
Grond vir ander gebruik.....	200:

Met dien verstande dat geen onontwikkelde stuk grond met meer as 6 eenhede per maand aangeslaan word nie.”.

2. Deur Deel III deur die volgende te vervang:

“DEEL III

HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar 'n perseelrioolstelsel is wat met die Raad se straatriole verbind is, moet, benewens die geldie wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, elke maand ten opsigte van die grond of geboue, aan die Raad die volgende geldie betaal:

(a) Private woonhuise, elk: R9.

(b) Kerke en ander geboue wat uitsluitlik vir openbare godsdiensoefening gebruik word, elk: R9.

(c) Sale wat vir doeinde gebruik word wat met godsdiens verband hou en waaruit geen inkomste verkry word nie, elk: R9.

(d) Enige ander persele, per kl water verbruik: 40c.”.

PB 2-4-2-34-30

Administrateurskennisgewing 1034

27 Junie 1984

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: PUBLIEKE GESENDHEIDSVERORDENINGE.

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

Administrateurskennisgewing 548 van 4 April 1984, word hierby verbeter deur in paragraaf 1 die uitdrukking “Deel IV” deur die uitdrukking “Deel I” te vervang.

PB 2-4-2-77-30

Administrator's Notice 1035

27 June 1984

SANDTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Sandton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 231, dated 22 February 1978, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 2 of the Tariff of Charges under Part I of the Schedule for the figure "26,30c" of the figure "30,85c".

The provisions in this notice contained, shall be deemed to have come into operation on 1 April 1984.

PB 2-4-2-104-116

Administrator's Notice 1036

27 June 1984

